AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL (FAL)

NSC OKT/ NOV 2011
VRAESTEL 2

1. MODERERING

Al die voorgeskrewe werke was volgens die nasionale riglyne in die vraestel aangebied. Die instruksies in die vraestel was duidelik en verstaanbaar. Kandidate kon die vraestel in die beskikbare tyd beantwoord. Baie min leerders het die opsteltipe vrae beantwoord. Die vraestel was van 'n goeie standaard en 'n wye verskeidenheid vlakke van Barret se taksonomie is aangebied.

2. LEERUITKOMSTE EN ASSESSERINGSTANDAARDE

Leeruitkomste is in die vraestel aangespreek. Leerders se kennis was op 'n verskeidenheid assesseringsvlakke getoets. Die moeilikheidsgraad het verskil.

3. LEERDERS SE PRESTASIE IN DIE VRAESTEL

Die uitleg en instruksies van die vraestel was netjies en duidelik uiteengesit. 'n Wye reeks vrae is deur die eksamenpaneel opgestel maar sekere vrae is moeilik vir leerders. Dit is kommerwekkend dat leerders nie vrae kan verstaan nie. Leerders sukkel met terminologie om vrae te verstaan.

In **AFDELING A**, het leerders in die roman "Hanna Hoekom" baie goed presteer. Baie min kandidate het "Kringe in 'n bos" en "Meeulanders" beantwoord. Sommige leerders wat hierdie vrae beantwoord het, het nie te goed gevaar nie en dit is duidelik dat kandidate die verkeerde keuses uitgeoefen het en vrae gekies wat hulle nie op skool behandel het nie.

In **AFDELING B**, het leerders met die beantwoording van vrae gesukkel want hierdie dramas wil voorkom of dit buite die leerders se verwysingsraamwerk is. Albei drama's is redelik swak beantwoord deur leerders wat weereens die verkeerde keuses uitgeoefen het en vrae gekies wat hulle nie op skool behandel het nie.

In **AFDELING C**, het leerders die opstelvrae gekies wat ook probleme veroorsaak het. Die antwoorde van verskeie kandidate was te oppervlakkig en geen insig was getoon nie. Leerders het bloot die verhaal in kort neergeskryf. Van die kontekstuele vrae in "Op soek na Kid Khumalo" het die leerders ook moeilik gevind.

In **AFDELING D**, die gedigte, het leerders beter punte behaal. Die enigste probleem wat leerders ervaar, is dat hulle nie 'n goeie begrip van die beeldspraak het nie. Beeldspraak vorm deel van gedig onderrig.

4. AANBEVELINGS

- Leerders moet hulle voorgeskrewe werk deeglik instudeer.
- Leerders moenie eksklusief op studiegidse staatmaak nie.
- Leerders lees baie min, en daarom sukkel hulle om die vrae te verstaan.
- Leerders se woordeskatvlak is swak, daarom vind hulle dit moeilik om die vrae te interpreteer.